Manus die Begenadigde

Manus is en sal vir altyd in my gedagtes voortleef as die Begenadigde; hy wat die genade van God ontvang het en so ryklik en onvermoeid met almal gedeel het. Hieruit het al sy lewenskwaliteite gevloei. Sy waardes het hy op niemand afforseer nie, en sy handel en wandel het dit gespreek. Sy positiewe houding selfs in sy donker ure, waarvan daar so baie was, was opmerklik. Die bemoediging wat hy onophoudelik aan medekankerlyers gegee het, het van diepe meelewing en empatie getuig. Hy het geweet waarvan hy gepraat het, en nie net bloot oor diepsinnige sake bespiegel en valse hoop verkondig nie.

Uit sy grootste swakpunt het sy grootste trefkrag gevloei: hy kon net nie nee sê nie. Hy was altyd daar om te help! Maar wanneer die durf nodig was om uit oortuiging nee te sê, het Manus dit sonder skroom gedoen. Die gereelde teenstand wat hy moes verduur, het hy innerlik verwerk tot die grootste voordeel van die saak waarvoor hy sy hele lewe gearbei en gegee het, en ons gesprekke het so dikwels tot hierdie kern deurgedring. Ek het hom deurlopend aangemoedig om nee te sê, maar sy hele ingesteldheid tot die lewe het hom telkens anders laat optree. Juis daarom het hy meer oorwinnings as nederlae gehad.

Ons gesprekke tydens kosbare koffiedrinktye was meestal oor saakmakende onderwerpe en het nie net altyd om rugby en krieket gedraai nie. Toe hy reeds vroeg in ons vriendskap ’n sielsgenoot geword het, het hy nie verwag dat ek net sy belangstellingsveld moet betree sonder om ook deel van my ondervindingsveld te word nie. Op die wyse kon ons albei perspektief op die ander een se aktiwiteite kry en behou.

Wanneer ek aan Manus gaan dink en na hom verlang, sal hierdie woorde van die Ierse digter W.B. Yates altyd by my opkom: *Think where man's glory most begins and ends, and say my glory was I had such friends.*

Pietas was een van die deugde wat die Romeine toegeskryf het aan diegene wat hulle vereer en amper as helde verafgod het. Hierdie latynse woord se betekenis sluit die volgende eienskappe in: pligaanvaarding, geloofsgedrag, lojaliteit, toewyding, verknogtheid. Manus is met hierdie *pietas* gebore, en hy het hierdie ingebore eienskappe ten volle uitgeleef. Sy lojaliteit, toewyding en integriteit is legendaries, en sy nalatenskap weerspieël sy absolute eerlikheid, regverdigheid en deernis. Plig het vir hom altyd eerste gekom. Aan sy God het hy n ongekende verknogtheid gehad.

Ek is een van honderde wat vandag eensamer staan oor die verlies van so ’n vriend.